

“Rubriekmaak” à la ryk, ryker, Rykie – Rykie van Reenen en enkele merkers vir hedendaagse blog-rubriekskrywers

Lizette Rabe

Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Wat het die Afrikaanse joernalis Rykie van Reenen (1923–2003) laat uitstaan as ’n top-rubriekskrywer – “rubriekmaak”, soos sy dit beskryf het – en kan ’n hedendaagse bloggergeslag van rubriekskrywers uit die werk van ’n vroeë rubriekskrywer leer? Hierdie artikel verken vanuit ’n media-historiografiese perspektief die ontstaan en ontwikkeling van onderskeidelik rubrieke en blogs en bied definisies vir albei binne die joernalistiekpraktik vanuit die veld van joernalistiekstudie aan. ’n Kort biografiese skets van Van Reenen, asook ’n oorsig oor die twee rubrieke wat sy geskryf het, naamlik *Die Burger* se “Van Alle Kante” en *Die Beeld* en *Rapport* se “Op die Randakker”, verskaf konteks. Sekere stylkenmerke van rubriekskryf word vervolgens bespreek. Dit word getoets aan die hand van ’n aantal rubrieke deur Van Reenen. Die verskille en ooreenkomste tussen rubrieke en blogs word kortliks bespreek, waarna sekere stylkenmerke wat uit Van Reenen se werk uitgekristalliseer het, voorgestel word as moontlike merkers vir ’n nuwe generasie (blog)rubriekskrywers.

Trefwoorde: Afrikaans; blogs; bloggers; genre; joernalistiekpraktik; joernalistiekstudie; Randakker; rubrieke; rubriekskryf; Rykie van Reenen; styl; Van Alle Kante

Abstract

“Making columns” à la “rich, richer, Rykie” – Rykie van Reenen and some markers for blogger-columnists

What is a column, and can the digital era’s bloggers possibly improve their work by heeding what could be described as classic elements of columns? Do the classic style elements of the journalistic genre of column writing still apply in today’s digisphere, in which every blogger is a potential columnist?

This article sets out to map certain elements of columns as a guide for the blogosphere’s columnists, i.e., bloggers, by attempting to identify the elements that made legendary and virtuoso Afrikaans journalist Rykie van Reenen (1923–2003) stand out as a top columnist – or a person “making columns” (Van Reenen 1954), as she herself referred to column writing – as it attempts to lay down some markers for a current generation of blogger-columnists and what they can learn from the work of a columnist of a bygone era.

The article explores the development of columns and blogs from a media historiographical perspective and offers definitions for both. The historical method is applied, with both primary and secondary sources mined for data. The article’s foundational departure is from within journalistic practice in the field of journalism studies. The latter is regarded as a multidisciplinary

approach to the study of journalism in which academic and professional points of departure fuse practice and theory within the spectrum of specialist areas of journalism and different media contexts.

First, the development of columns as an expansion of the essay and a characteristic of 19th-century mass media is discussed. Regarding a definition for a column, it may be summarised as that it has a specific voice (or personality); that it is composed meticulously with a focused subject; that it is published periodically; that the mother publication provides an editorial filter; that it is composed by a specific writer for a specific purpose; and that it is part of a bigger publication that most probably must be acquired by being bought by subscription or through another monetary means (Scherlen 2008:81). As a genre, columns belong to opinion pieces, as opposed to news (or hard news) and in-depth articles (or feature and perspective articles).

This article proceeds to discuss some characteristics of blogs, also described as citizen journalism (Watson and Hill 2006:28). The word *blog* was derived from *weblog(ging)*, a practice that developed together with the internet and thus presented a new format in the world of personal commentary. *We-blog*, originally *web-log* – a journal or “logbook” on the internet or the web – developed into *weblogging*, *weblogger*, *blog* and *blogger* (Scherlen 2008:83–4). One definition reads that it is a web page on which one keeps an (illustrated) diary that is open to other internet users (HAT 2015). It is also described as real-time reporting, although the filtering element characteristic of mainstream media is not present (Wendland 2003). Blogs are inherently subjective and contra the concept of objectivity (Allan in Hermida 2009:269). Blogs have undergone a shift, from previously being outside of mainstream media, to now progressively being practised by journalists and forming part of the online content of media institutions (Hermida 2009:268). Blogs are regarded as a more democratic mode of publication (Domingo and Heinonen 2008:3), although they have also been described as “categorically not journalism” because they contain information that was neither edited nor verified (Hermida 2009:269). They are self-published, in other words, not under a media brand, and bloggers usually do not receive any compensation (Lowrey 2006:477). While blogs can be described as “participatory, transparent and outspoken”, traditional journalism strives to be “accurate, fair and objective” (Lowrey 2006:479).

The discussion of the similarities and differences between columns and blogs is followed by a short biographical sketch of Van Reenen to provide some context for the persona Rykie van Reenen and to explain her position as a renowned columnist in the South African journalistic landscape (Rabe 2002, 2004, 2006a, 2006b, 2009, 2011). Pre-eminent South African historian Hermann Giliomee described her as the most influential Afrikaans journalist of the previous century (2003:564); he later qualified this as “probably” the greatest (2004:470). Van Reenen achieved legendary status (Meiring 2003a:8; 2003b:2), her name also leading to a well-known saying in Afrikaans newsrooms as a description of the quality and flair found in her work, namely a play on her name Rykie as degrees of comparison: *ryk*, *ryker*, *Rykie* (rich, richer, Rykie).

Van Reenen was a versatile journalist and accomplished in several beats (Rabe 2011). However, it was as a columnist that she became a household name. For the Afrikaans Western Cape daily *Die Burger* she wrote the column “Van Alle Kante” (forth with V.A.K., meaning “From All Corners”) from 1960 until she left for Johannesburg in 1965 to become part of the founding editorial team of her company’s first Sunday paper, *Die Beeld*. There she wrote “Op die Randakker” (“On the Rand’s Acre”, a wordplay on the Witwatersrand), first in *Die Beeld* and later in *Rapport*, for almost fourteen years. In these columns Van Reenen built and maintained a personal relationship with her readers through her sociable style, focused observation and pinpoint expressions.

Following the contextual information regarding Van Reenen and her two columns, some style elements of column writing are discussed. Columns can focus on a variety of subjects, from typical lifestyle subjects such as food and gardening, to more “classic” columns such as ones containing advice, humour and political comments (Harriss, Leiter and Johnson 1992:482–3). A columnist should be anything “from teacher or entertainer to the passive onlooker who records the pleasantries of every-day life” (Silvester 1997:xiv) – in fact, “[g]reat columnists make the difference great sauces make” (Shrimpsley 2003:23). One ingredient in a good column is irony, with fluent linguistic skills, grace, style and correct grammar a given: a good columnist does not need “syntax therapy” (Shrimpsley 2003:29). Summarised, the elements of a winning column are to have a strong voice, to inform and enlighten, to have a specific focus and a clear point of departure, clarity of thought, a solid story, to be fair even when it is critical, to contain emotion, to introduce new voices, and lastly, to “zig” when others “zag” – in other words, to be something extraordinary (Martinez Strandring 2013:98). Other classic characteristics are that it must have a fixed position in a publication (print or online), a fixed length, the same author and same column title (although individual pieces would have a different heading every time). The author must have a distinctive style, a wide interest, be a keen reader, must write with authority on many subjects, vary congeniality with a certain benign malice, and still present the column with wit to make it extremely digestible and legible.

The randomly selected columns for this article showcase the spectrum Van Reenen could write about: from actuality, including serious politics (e.g., the Verwoerd assassination and Biko’s death in police custody), to the homely congeniality of a warm bowl of “melkkos” (a traditional dish made from milk, vermicelli and cinnamon) on a first winter’s evening (Van Reenen 1980). She did so with a unique application of language, of which one could say that she made Afrikaans tango, twist and *tielikiedraai* (a traditional dance). Depending on the subject, her columns could be as elegant as a tango, as gyrating as a twist, or as jocular as a *tielikiedraai*.

Following the discussion of a limited selection of columns to illustrate certain of the highlighted elements, the similarities and differences between columns and blogs are discussed. One study found clear similarities: both columns and blogs have a personal voice or specific point of departure; they usually contain an opinion and/or analysis; can have a substantive readership; and can display either good or bad characteristics of journalism (Scherlen 2008:85–6). Yet blogs also differ in “interesting ways” from traditional columns. They are usually written in an informal way, while columns are usually more polished. Columns have, among other things, editorial filters, while bloggers write autonomously without any editorial oversight. Lastly, blogs usually have open access, while columns are part of a monetised package.

Finally, the article presents some markers crystallising from the work of Van Reenen that bloggers may want to follow. They are: an own voice (without a focus on “me”); an excellent command of language to enable one to write in an unorthodox way in different registers and styles; an unorthodox approach regarding subjects; clarity of thought presented in a digestible way; the author to be widely knowledgeable so as to write expertly on a wide variety of subjects; to take up activist views; sometimes even to be prophetic to show up political idiocies; to take a critical stance without alienating the reader; to be a master of the understatement; and lastly, to set an extremely high standard for your own work. Van Reenen’s whiplash style made her an alchemist of the Afrikaans word and, in doing so, she equalised the genre of column writing in Afrikaans with the best in the world’s far bigger languages, with her corpus of work setting a standard equal to that of the world’s great columnists. Indeed, just as she managed to make Afrikaans tango, twist and *tielikiedraai*, she might even inspire a new generation of blogger-columnists to make Afrikaans rock and riedans, kwaito and kwela, two-step, and, yes ... also *twerk*.

Keywords: Afrikaans; blogs; bloggers; columns; genre; journalism practice; journalism studies; Randakker; Rykie van Reenen; style; Van Alle Kante; writing of columns

1. Inleiding

Wat is 'n rubriek, en kan die digitale era se bloggers moontlik hul werk verbeter aan die hand van elemente waaraan klassieke rubriekskryf – of “rubriekmaak” soos wat Rykie van Reenen dit genoem het (Van Reenen 1954) – gemeet kan word?

Geld die klassieke stylelemente van 'n rubriek steeds, en wat kan die bakens wees waarbinne dié joernalistieke genre beoefen word in die hedendaagse digisfeer waarin elke blogskrywer as 'n potensiële rubriekskrywer beskou kan word, boonop met die vermenigvuldiging van moontlikhede danksy aanlyn publikasies?

Hierdie artikel beoog om sekere rubriekkenmerke te karteer as gids vir die sogenaamde blogosfeer se rubriekskrywers, oftewel bloggers.

Die vertrekpunt van die artikel, geplaas binne die joernalistiekpraktik, is vanuit die veld van die joernalistiekstudie, wat beskryf word as die multidissiplinêre studie van die joernalistiek (Franklin, Hamer, Hanna, Kinsey en Richardson 2005:128). Dit behels die ontleding van verskeie prosesse betrokke in die “versameling, evaluering, interpretasie, navorsing, skryf, redigering, verslaggewing en aanbied van inligting en kommentaar oor 'n wye reeks van onderwerpe” (hierdie vertaling en ander deur my – LR). In dié multidissiplinêre benadering tot joernalistiek word akademiese en professionele uitgangspunte verken om praktik en teorie te versmelt, en dit gebeur binne die spektrum van spesialisareas binne die joernalistiek en binne verskillende mediakontekste.

Die artikel steun op die historiese metode waarvolgens verskeie primêre en sekondêre bronne gebruik word (Sonderling 1997:90). Die artikel bespreek eerstens aan die hand van 'n mediahistoriografiese oorsig die ontstaan van rubrieke en blogs en gee definisies van albei vir die doeleindes van hierdie artikel.

Ter wille van konteks om die statuur van Van Reenen as rubriekskrywer binne die Suid-Afrikaanse joernalistiek aan te dui, volg 'n kort biografiese oorsig oor Van Reenen, asook 'n bespreking van haar twee rubrieke, naamlik *Die Burger* se *Van Alle Kante* en *Die Beeld* en *Rapport* se *Op die Randakker*. Daar word ook verwys na die aanmoediging wat Van Reenen van haar mentor, M.E.R., ontvang het in die ontwikkeling van haar werk as rubriekskrywer.

Sekere stylkenmerke van rubriekskryf word vervolgens bespreek. Daarop volg 'n bespreking van 'n beperkte keur van rubrieke deur Van Reenen, lukraak gekies, as illustrasie van die uitgeligte stylelemente.

Die verskille en ooreenkomste tussen rubrieke en blogs word kortliks bespreek, waarna die artikel afsluit met kenmerke wat uit Van Reenen se werk uitgekristalliseer het en wat moontlik as riglyn en inspirasie kan dien vir 'n nuwe geslag rubriekskrywers wat betref stylbenaderings wat ook op blogskryf toegepas kan word.

2. 'n Mediahistoriografiese oorsig: rubrieke en blogs, ontstaan en definisies

Hierdie afdeling bespreek eerstens die ontstaan van rubrieke en tweedens die ontstaan van blogs. Vir albei word 'n definisie vir die doeleindes van hierdie artikel aangebied.

2.1 Rubrieke: ontstaan en definisie

Etimologies het die Afrikaanse woord *rubriek* ontstaan uit die Nederlandse *rubriek*, wat ontstaan het uit Middelnederlands se *rubrike*, uit Latyn se *rubrica*, wat oorspronklik “(rooi geskrewe) titel” beteken het en afgelei is van *ruber*, wat “rooi” beteken (Cloete, Jordaan,

Liebenberg en Lubbe 2003:391). In Engels het die woord *column* etimologies ontstaan uit Middelenengels en gedeeltelik van Ou Frans se *columpne*, uit Latyn se *columna* of *pilaar* (Oxford Dictionary of English 1998:342).

Die rubriek as genre het ontwikkel uit die pasquinade – ’n paskwil, smaadskrif of spotskrif – die voorloper van die “colyum” (Silvester 1997:xiv). ’n Paskwil was ’n satiriese geskrif wat in die openbaar aangebring is; dit kon kort of lank wees; en dis vernoem na Pasquino, ’n Romeinse kleremaker wat “smaadskrifte” oor sy tyd se rykes en magtiges geskryf het.

Volgens Silvester het die rubriek ontwikkel as “uitgroeisel” van die tradisionele essay en ’n verfyning van dié genre (1997:xi). Sommige van die eerste rubrieke was eerder causeries as essays – met ander woorde, gesellige praatjies. Silvester meen die rubriek het ’n kenmerkende element van die massamedia geword sedert die ontstaan daarvan in die 19de eeu.

Gedurende die 19de en 20ste eeu was lesersbriewe aan die redakteur eintlik “pseudorubrieke”, beskryf as “especially eloquent, engaging or representative of a constituency of interest” (Psutka 2009). Teen die einde van die 19de eeu het sommige koerante hiervoor begin betaal. Psutka meen dit was “a subtle foreshadowing of the ostensibly modern notion of the ‘citizen journalist’”.

Die Romantiese Beweging in die 19de eeu het ook gelei tot ’n groter besinning oor die self (Silvester 1997:xii). Saam met die ontstaan van massamarkkoerante en die behoefte om die daaglikse “dieet van gewone nuus” af te wissel, het “persoonlike joernalistiek” ontstaan. Dit was gewoonlik humoristies en is eers gebruik waar ook al ’n opening in ’n spesifieke uitgawe was, maar het mettertyd ’n vaste plek begin kry.

In die 1920’s het die sogenaamde middelblad ontstaan, in Engels die “op-ed”-blad, die afkorting vir “page opposite editorial”, met ander woorde, die blad oorkant die hoofartikelblad. Met die plasing van rubrieke op die “op-ed”-bladsy het ’n koerant se belangrikste rubriekskrywers nou langs die amptelike stem van sy hoofartikel verskyn (Silvester 1997:xiii).

Vir Silvester was die belangrikste bydrae tot die vroeë ontwikkeling van die rubriek die Amerikaanse Burgeroorlog, toe koerantsindikate ontwikkel het wat met nuus handel gedryf het, ingesluit rubrieke (1997:xii). Sulke sindikate was as ’t ware ’n “handelspos” vir meningstukke, artikels en vervolghverhale. Volgens Psutka (2009) was die moderne rubriek as forum vir argument, ontleding en verduideliking die resultaat van die globaal-politieke gevolge van die Eerste Wêreldoorlog:

Publishers and editors at the time felt that the post-war climate was uniquely complex and warranted more analytical, opinion-based and explanatory journalism, which was a philosophical departure from the industry’s existing mandate that emphasized a detached recounting of facts.

Wat betref ’n definisie vir *rubriek* kan ’n mens konstateer dat dit as ’n reeks verskyn, ’n gereelde, vaste frekwensie het en deur ’n vaste (rubriek)skrywer geskryf word (Scherlen 2008:81). Hoewel daar geen vaste reëls is nie, kan ’n rubriek volgens Scherlen gedefinieer word as

1) dat dit ’n enkele “stem” (dus “persoonlikheid”) het; 2) versigtig gekomponeer is met ’n gefokusde onderwerp; 3) periodiek gepubliseer word – lesers kan dus verwag dat dit weer sal verskyn; 4) dat daar die oorsig van ’n redaksionele filter van die moederpublikasie sal wees; 5) gekomponeer is deur ’n spesifieke skrywer vir daardie doeleinde; 6) deel is van ’n groter publikasie; en 7) wat waarskynlik deur ’n koopsom aangeskaf sal word (hetsy ’n subskripsie of ander betaling).

Uit die voorafgaande kan dit dus gestel word dat 'n rubriek 'n genre is binne die joernalistieke media, benewens die breër indeling van nuusberigte (sogenaamde harde nuus) en diepte-artikels (agtergrond- of perspektief-artikels), wat kan handel oor enigiets van aktualiteit tot politiek tot sport tot sake. 'n Rubriek verteenwoordig 'n individu se mening en val dus onder die kategorie van meningsartikels, maar anders as byvoorbeeld die hoofartikel, wat die mening of standpunt van 'n publikasie is en sonder naamlyn gepubliseer word, word 'n rubriek juis aan sy skrywer geken.

2.2 Blogs: ontstaan en definisie

Die woord *blog* is afgelei van Engels *weblogging* (Watson en Hill 2006:27), word dikwels as sogenaamde burgerlike joernalistiek (Watson en Hill 2006:28) beskou, en kan beskryf word as die digitale weergawe van “persoonlike joernalistiek” as gevolg van die digitale revolusie waaruit die blog ontstaan het.

In vergelyking met rubrieke is blogs dus “jonk” – inderdaad slegs ongeveer twee dekades oud en “dus 'n relatief nuwe formaat in die wêreld van persoonlike kommentaar” (Scherlen 2008:83–4). Volgens Scherlen word Jorn Barger beskou as die persoon wat die woord *weblog* (*web-log* – dus “webjoernaal” op die internet, of die wêreldwye web) in 1997 geskep het vir wat vandag blogs genoem word. Scherlen beskou Peter Herholtz as die persoon wat *weblog* in 1999 verdeel het in *we-blog*, waaruit *blog* gevorm het. Teen 2003 het die *Oxford English Dictionary* die terme *weblog*, *weblogging* en *weblogger* opgeneem. Volgens Scherlen het die terreuraanval van 11 September 2001 'n sterk toename in politieke blogs meegebring (2008:84).

Volgens die redakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) was die woorde *blog* en *blogger/s* teen Julie 2015 nog nie daarin opgeneem nie (Botha 2015). Die aanlyn-WAT sou later in 2015 egter gapings aanvul, waaronder *blog* en *blogger*. Die woorde *weblog* en *blog* is nie in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) se vyfde uitgawe van 2005 opgeneem nie, en dit verskyn ook nie in Pharos se vertalende woordeboek van 2005 nie (Harteveld 2015). In die HAT 6 van 2015 is die woorde wel opgeneem, met die volgende verklaring vir *blog*: “'n eie webblad waarop jy dagboek kan hou en/of inligting/foto's ens. kan laai waarna ander internetgebruikers kan kyk.” Die voorbeeldsin lui: “Internetgebruikers begin dikwels 'n blog as hulle sterk voel oor 'n politieke, maatskaplike of omgewingskwessie” (HAT 2015). Sinonieme vir *blog* is *aanlyndagboek* en *webjoernaal*. Die inskrywing vir *blogger* lui dat dit die “eienaar/skrywer van 'n blog” is. Die voorbeeldsin lui: “Benewens aanlyndagboeke wat dikwels gedigte en bloggers se menings oor aktuele sake bevat, of inligting oor en internetskakels na alles waarin hulle belangstel, fokus baie blogs ook op spesifieke temas.”

Wendland (2003) beskryf blogs as 'n nuwe vorm van “intydse verslaggewing”, hoewel dit nie die filtrering of redigering wat kenmerkend is van hoofstroommedia, ondergaan nie. Vir Allan (in Hermida 2009:269) is blogs inherent subjektief volgens die skrywer se perspektief of voorveronderstellings en teenstrydig met die konsep van objektiwiteit.

Volgens Hermida het blogs intussen 'n verskuiwing ondergaan van iets wat aanvanklik hoofsaaklik buite die hoofstroommedia plaasgevind het na 'n praktyk wat toenemend ook deur joernaliste bedryf word (2009:268). Domingo en Heinonen meen blogs bevind hulle nou “oral in en om die joernalistiek” (2008:3), met media-instansies wat blogs as deel van hul aanlyn inhoud publiseer, individuele joernaliste wat blog, en 'n rits amateurs wat blogs skryf wat lyk asof dit nuusjoernalistiek is. Hulle meen die “fundamentele idee” agter blogs is dat dit 'n meer demokratiese metode van publikasie is. In 2007 het 95 van die 100 grootste Amerikaanse koerante blogs op hul digimediawebwerwe geplaas wat deur joernaliste geskryf is (Hermida 2009:269).

'n Rubriekskrywer het dit egter self kategories gestel dat blogskryf nie joernalistiek is nie (Hermida 2009:275–6). Dit moet veel eerder “so ver moontlik” van joernalistiek verwyder wees, omdat dit dikwels “ongesubstansieerde gerugte, vooroordeel en skinder behels wat voorgee om ingeligte mening te wees”. Dié rubriekskrywer het gemeen sonder “redakteurs wat sintaksis kan korrigeer, die struktuur netjies kan maak of feite kan nagaan, dit in die algemeen onmoontlik is om staat te maak op enigiets in 'n blog sonder dat dit elders geverifieer word”.

As definisie van blogs meen Tremayne (in Scherlen 2008:83) dat blogs onderskei kan word van webwerwe wat dieselfde blogsagteware gebruik as dat dit

1) 'n persoonlike stem gebruik; 2) inskrywings volgens datum in 'n terugwerkende chronologiese volgorde argiveer; 3) skakels na ander blogs het; en 4) 'n meganisme het waarop lesers kommentaar kan lewer.

Scherlen verwys na 'n studie van 2003 wat bevind het dat die “gewone” (niejoernalistieke) blog 'n enkele skrywer het, gefokus is op die persoonlike gebeurtenisse in die blogger se lewe, nie so baie skakels het nie en gewoonlik min kommentaar ontlok (2008:83). 'n Soortgelyke studie die volgende jaar het dieselfde resultate bevestig en bevind dat blogs meer gemeen het met dagboeke as met onafhanklike joernalistiek.

Lowrey (2006:477) beskryf 'n blog as 'n persoonlike webwerf. Vir hom verwys blogskryf na “maklik-om-te-maak-webwerwe” met kort stukkies inligting en kommentaar wat dikwels bygewerk word; met skakels na inligting en kommentaar na ander webwerwe; dat dit persoonlik gepubliseer word (dus nie onder 'n mediahandelsnaam nie) en dat baie min bloggers vergoeding ontvang. Dit kan beskryf word as “deelnemend, deursigtig en uitgesproke”, teenoor die tradisionele waardes van die joernalistiek, wat “akkuraatheid, billikheid en objektiwiteit” nastreef (Lowrey 2006:479).

Ná die bespreking van die ontwikkeling van onderskeidelik die rubriek en die blog volg 'n kort biografiese skets oor Van Reenen as konteks vir haar stuur as rubriekskrywer.

3. Rykie van Reenen: konteks

Van Reenen is in 1923 op die plaas Waterkloof in die Darling-distrik in die Swartland gebore. Toe sy 'n peuter was, het haar ma gesterf met die geboorte van haar boetie, wat ook gesterf het. Haar moeder se dood het 'n konstante invloed op Van Reenen se lewe gehad (Rabe 2011). Ná skool is sy na die Universiteit Stellenbosch. Vir haar BA was onder meer Latyn 'n hoofvak, en in 1945 het sy as 21-jarige met 'n MA in Engels by *Die Burger* begin werk (sien ook Rabe 2002, 2004, 2006a, 2006b, 2009, 2011).

Op grond van die rigtinggewende denke wat uit haar skryfwerk gevloei het, het die historikus Hermann Giliomee Van Reenen as die grootste Afrikaanse joernalis van die vorige eeu beskryf (2003:564). Hy het dit daarna gekwalifiseer met “waarskynlik” die grootste (2004:470). Volgens die rubriekskrywer Martie Retief-Meiring¹ was Van Reenen se rubrieke die onderwerp van tafelgesprekke (2003a:8) en het sy “mettertyd legendariese status bereik” (2003b:2). Sy kan dus ook gesien word as openbare intellektueel van haar tyd.

In 'n resensie van 'n keur van rubrieke in 1980 het Van Reenen se tydgenoot Annie Schumann die uitdrukking neergepen wat toe reeds aan Van Reenen gekoppel was en reeds legendaries in Afrikaanse nuuskantore, naamlik “Ryk, ryker, Rykie” (1980:8). 'n Oudkunsredakteur van *Die Burger* en latere uitgewer van Human & Rousseau en dus beoordelaar van tekste, Kerneels Breytenbach, en van 'n generasie ná Van Reenen, het ook verwys na hoe sý generasie deur

Van Reenen beïnvloed is: “Vir ons was daar daardie tyd net een tipe Sondagleesstof: Ryk, Ryker, Rykie!” (in Voigt 1995).

In die mediahistoriografie word Van Reenen gesien as die tweede professionele Afrikaanse vroulike joernalis naas M.E.R. (Rabe 2011). Met die mylpale wat sy in haar loopbaan bereik het, kan sy waarskynlik as die grootste baanbreker vir vroulike joernaliste in Afrikaans beskou word. Ondanks die gebruik van haar tyd dat vroulike redaksieledes slegs op die “vroueblad” mog werk, het sy nie toegelaat dat sy beperk word tot dié soort joernalistiek nie. Sy het verskeie “glasplafonne” laat versplinter deur reeds as jong joernalis algemene nuuswerk te doen. Van Reenen was ook die eerste vrou in die Afrikaanse en Engelse joernalistiek van haar tyd wat as assistentredakteur van ’n hoofstroompublikasie aangestel is en van tyd tot tyd as redakteur waargeneem het.

Van Reenen het in 1980 afgetree nadat veelvuldige sklerose by haar gediagnoseer is, maar het ná haar aftrede nog veral as boekresensent ’n bydrae gelewer. Benewens ander bekronings het sy in 1982 die Markus Viljoen-medalje vir joernalistiek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang en is sy in 1986 met ’n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch vereer. Van Reenen is in 2003 kort voor haar 80ste verjaardag oorlede.

4. Van Reenen se ontwikkeling as rubriekskrywer

Van Reenen was ’n veelsydige joernalis, maar volgens eweknieë het sy veral as rubriekskrywer ’n ongeëwenaarde aanhang gehad. Een het dit so gestel: “Hoewel sy ’n gedugte verslaggewer was, en as vrydenker ’n indrukwekkende kerksakeverslaggewer, was dit veral as rubriekskrywer dat sy geskitter het” (Meiring 2003a:8).

Van Reenen het die rubriek “Van Alle Kante” (voortaan “V.A.K.”) in *Die Burger* vanaf 1960 geskryf totdat sy in 1965 as stigtingsredaksielid na die Sondagblad *Die Beeld* vertrek het. Daar het sy vir byna veertien jaar “Op die Randakker”, eers in *Die Beeld* en later in *Rapport*, geskryf. (*Rapport* is in 1970 gestig nadat Nasionale Pers, nou Naspers, en Perskor met aandele van 50% elk mede-uitgewers van *Rapport* geword het. Naspers het intussen volle beheer oor die koerant verkry.)

Die V.A.K.-rubriek is in 1928 deur Frederik Rompel begin, en dit het vanaf 1929 daaglik verskyn (Scholtz 1992:150). Dit was reeds voordat Van Reenen die rubriek oorgeneem het ’n belangrike rubriek vir die koerant, want selfs gedurende die Tweede Wêreldoorlog, toe die koerant weens papierskaarste tot ses bladsye gekrimp het en ander rubrieke laat vaar is, “is nie daaraan gedink om V.A.K. weg te laat nie”.

Volgens Steyn (1990:74–5) het *Die Burger* se bladsy 2 vanaf einde 1952 ’n “kulturele bladsy” geword, bekend as “Bladsy Twee”. V.A.K. is toe ook op dié blad gepubliseer. Onder die talle V.A.K.-skrywers sonder Steyn vir Van Reenen uit wat “[s]pesiale vermelding verdien”. V.A.K. het in 1963 van “Bladsy Twee” na die hoofartikelblad verskuif (Scholtz 1992:150). Met dié skuif is aangedui hoe belangrik die rubriek tydens Van Reenen se V.A.K.-“heerskappy” geword het.

Van Reenen se verhouding met haar lesers blyk uit haar kommentaar oor dié “trek” (1963:6): “U het darem toe by ons afgestigte nuwe gemeente uitgekom?” Sy skryf gemoedelik verder: “Nou ja, vriende, dit ruik nog ’n bietjie nuut en vreemd hier vanoggend, maar maak u tuis, maak u tuis.” Die jare lange rubriek “Persoonlik” was toe ook op die hoofartikelblad. Daarin is gewoonlik berig wie siek is, ’n operasie ondergaan het, of aansterk, en sy skryf dus: “Die uitsig is mooi, nè, en die bure glad nie onaardig nie – al is party, om nou Persoonlik te wees, soms danig krankementlik.”

Van Reenen was die eerste vrou wat V.A.K. geskryf het en die eerste wat ná Aat Kaptein V.A.K. onder 'n naamlyn geskryf het, “nadat teen die einde van die jare vyftig reeds artikels onder haar naam op Bladsy Twee en elders in die koerant verskyn het” (Scholtz 1992:151). Ook Retief-Meiring verwys na die feit dat Van Reenen slegs maar die tweede persoon was wat V.A.K. onder 'n naamlyn sou skryf (Meiring 2003a:8).

Dit was veral vir 'n vroulike joernalis 'n mylpaal om onder 'n naamlyn te skryf, en Van Reenen was dus ook daarmee 'n baanbreker. In 'n studie in 2014 het dit geblyk dat vroulike rubrieksrywers in die 21ste eeu steeds skaars is. Een rede is dat vroue weens gesinsverpligtinge nie kon ontwikkel tot die posisie van rubrieksrywer nie (Harp, Bachmann en Loke 2014:290). Hoewel hierdie artikel nie 'n genderfokus het nie, is dit tog 'n feit wat genoem moet word dat Van Reenen waarskynlik sulke geleenthede kon skep omdat sy ongetroud was en op haar loopbaan kon fokus.

Van Reenen het reeds etlike kere voordat sy amptelik die V.A.K.-skrywer geword het, as skrywer van die rubriek waargeneem. Ook tydens die tydperk in die 1950's, toe sy op die familieplaas geboer het – sy het dit as enigste kind geërf – het sy steeds bly “rubriekmaak”, soos sy dit genoem het.

Aan Piet Cillié, wat begin 1954 aangewys is as *Die Burger*-redakteur en opvolger van Phil Weber (Scholtz 1992:11-12), skryf Van Reenen op 7 Januarie (sonder jaartal, maar waarskynlik 1954, omdat die brief Cillié met sy redakteurskap gelukwens)

Wat ek eintlik gister kom sê het, was: geluk met die Weberskap [redakteurskap], veel heil (en 'n skootjie simpatie!) daarmee in die nuwe jaar: en voorts baie dankie vir jou brief.

Wat ek toe wel gesê en gesanik het, weet jy en moet jy asseblief maar verskoon. [Van Reenen verwys na verskeie verpligtinge wat met die boerdery te make het.]

Met al die gekerm, wil ek egter eintlik baie graag rubriekmaak, as iemand my tog net van die wal in die dam kon stamp. Ek dink ek het my te veel vasgedink aan al die mense wat ek ken vir wie sulke plaaspraatjies grys sal verveel. Maandag pos ek ... 'n paar probeerslae, en ek sal bly wees as julle dan daarna sal probeer koersgee vir die spulletjie. As hulle gans goddeloos is, gooi weg, dan wag ek tot ek weer eendag 'n voorman het en probeer weer. (Van Reenen s.j.)

In 1957 het Van Reenen haar weer heeltyds by *Die Burger* aangesluit. In 1958 skryf sy aan haar mentor, M.E.R., oor haar gewroeg om te skryf:

Sit vanoggend vroegerig op kantoor. Die skoonmaker se poleerder kerm nog in die gang af. Moet vir 'n week V.A.K. doen en as 'n mens die oggend opstaan met so niks op die hart vir die medemens, woel dit jou maar vroegtydig in die straat af. Ek sit die afgelope maand al so in 'n komkommerbedding dat ek regtig ernstig kyk na 'n advertensie vir 'n Latynonderwyser. (Van Reenen 1958)

Tog het sy ondanks die vasval in die “komkommerbedding” vinnig naam gemaak as rubrieksrywer. Dit blyk dat M.E.R. baie bly was toe Van Reenen die V.A.K.-rubriek in *Die Burger* in 1960 begin skryf het toe die gereelde skrywer (E.A. Malga) met verlof was:

En as ek dit nou lees dan wens ek so dat my liewe Frederik Rompel êrens sit of sweef om dit nou te lees; en as ek sê hy sou daar skik in gehad het, dan maak

ek jou wat Rykie is, die hoogste kompliment wat gemaak kan word. [...] Maar ek weet dat hy sou reken – A! Hier kom my V.A.K. tot sy reg. (Steyn 2004:456)

In 'n ander brief aan Van Reenen, gedateer 24 April 1960, skryf M.E.R. oor die jongste Van Reenen-stukke: “Die cacoethes scribandi [sic; dit moet wees *scribendi* – “die onweerstaanbare drang om te skryf”] het weer die oorhand gekry ... Hoe bly is ek vir die oog wat dit raaksien; die hart wat dit erken; die kuns wat dit kan beskryf” (M.E.R. 1960a).

'n Paar maande later, toe dit blyk dat Van Reenen meer gereeld V.A.K. gaan skryf, skryf M.E.R. (1960b): “[E]k en Anna [haar dogter] lees nou sommer gou V.A.K. – wat ons lankal nie gedoen het nie. Ek is so bly dat jy dit het – tydelik maar? En dat jy so lekker kuier daarmee. Jammer!!! as dit weer oorhandig moet word.”

'n Maand later bieg M.E.R. dat sy aan Cillié geskryf het oor hoe danig sy oor Van Reenen se rubriek is. Van Reenen wou blykbaar nie hê M.E.R. moes namens haar “intree” nie: “Kyk, ek het nie woord gehou nie. Het vir Piet geskryf dat ek vir jou gesê het Mnr Rompel sal van jou VAK hou; en dat ek aan hom wou skryf, maar jy wou nie, want wat word van Malga?” (M.E.R. 1960c).

Teen die einde van die jaar skryf Alba Bouwer, Van Reenen se mede-“Kaapse kind” ('n groep vroulike joernaliste wat M.E.R. as hul mentor beskou het [Rabe 2011]) aan M.E.R.:

Ek is tog so dankbaar dat sy nou regtig die V.A.K. geërf het. Sy floreer, soos 'n mens uit die rubriek ook kan sien. Voel net baie sleg oor Malga [...] Maar ek sê sy hoef nie sleg te voel nie, dis op die ou end vir almal beter so. (Bouwer 1960)

In 1961 verwys Bouwer weer in 'n brief aan M.E.R. na Van Reenen en haar genot uit die rubriek nadat hulle vir 'n naweek gaan blomme kyk het in Namakwaland:

Ek is so bly TaMiem [M.E.R.] het aan Rykie geskryf oor die V.A.K. Ek het Rykie in die byna twaalf jaar dat ek haar ken, nog nie so maklik en so gelukkig sien werk nie. Toe ons die naweek weg is, het sy dan feitlik drie rubrieke vooraf klaargemaak, en dis iets ongehoords vir haar, want sy werk moeilik vooruit. En sy is tog dikwels 'n aand vry en tuis. Sy is soos 'n perd wat in 'n nuwe groen kamp weiding gekry het. (Bouwer 1961)

Volgens Retief-Meiring (2003a:8) het Van Reenen se “roem” met V.A.K. begin. In V.A.K. kon haar “fyn waarnemingsvermoë en haar selfs fyner uitdrukkingsvaardighede” tot hul reg kom (Voigt 1995). Marita van der Vyver, later ook 'n rubriekskrywer, verwys in haar meestersverhandeling daarna dat Van Reenen se V.A.K. “'n genot [was] om te lees” (1987:131).

Oor haar vroeë werk by *Die Burger* het Van Reenen (1985:5) op haar tiperend oorbeskeie manier gesê dit was Cillié wat met sy

dodelik sekuur maar doekvoet manier al die jare my simpel Van Alle Kante-paragrafies gesub het. Baie dae kon ek self nie eens sê presies hoekom hulle anderdag in die koerant soveel beter was as wat ek hulle laatmiddag tevore by hom ingegee het nie.

Met *Die Beeld* se stigting in 1965 het die redakteur, Schalk Pienaar, die “room” van Naspers-joernaliste in die Kaap aangeskep as sy redaksie vir die nuwe Naspers-onderneming in die Noorde (Mouton 2002:49). Onder hulle, as sy rubriekskrywer, was die “onvergelyklike” Van Reenen, wat die rubriek “Op die Randakker” moes skryf.

Daar is geskryf dat Van Reenen eintlik eers by *Die Beeld* tot haar reg gekom het. Self het sy gesê sy het daar nooit soos 'n "vroutjie" gevoel nie. Sy is onder meer ook van die begin as algemene verslaggewer vir "groot nuusstories" gebruik en het "gevoel hulle het my nodig" (Van der Vyver 1987:132). Sy is wel een keer met 'n rooi roos op haar lessenaar terug verwelkom, soos Bouwer (1967) aan M.E.R. skryf: "Die Beeldmanne was so bly om Rykie na 'n afwesigheid terug te sien: hulle het 'n rooi roos in 'n potjie op haar lessenaar gesit!"

Dit was skynbaar vir Van Reenen makliker om haar daaglikse "V.A.K." te skryf as haar weeklikse "Randakker":

Dit kan ook taamlik maklik klink as jy 'n hele week vir 'n rubriek het, soos dit die geval met haar Op die Randakker was. Tog het sy gesê Van Alle Kante by *Die Burger* was makliker. Dit gaan seker daarvoor dat as jy laat middag vir môre-oggend skryf, dinge nie eintlik intussen kan verander nie en die lesers nog onthou wat daardie dag gebeur het en waaroor jy nou 'n blink stuiwer in die armbeurs gooi. (Boshoff 2004)

Van Reenen het self ook gesê 'n Sondagrubriek was moeiliker as die dagrubriek, "hoewel ek in die begin gedink het dit sou makliker wees" (Van der Vyver 1987:133). Tog het sy in 1995 in 'n (waarskynlik laaste) onderhoud gesê dit was nooit moeilik om die rubrieke "vars" te hou nie: "Nee wat, jy kyk maar net wat aangaan. Jy't 'n soort van persona waaraan hulle gewoon raak" (Voigt 1995).

Oor die moeiliker weeklikse frekwensie het sy aan Van der Vyver (1987:133) gesê: "Vir eers stel jy waarskynlik hoër eise aan jouself." Dit het sy opgevolg met: "[E]n ten tweede kry jy met 'n weekrubriek nie die besieling van die daaglikse terugvoer van jou lesers nie." Ten derde moes Van Reenen met die Sondagrubriek leer om vir lesers oor die hele land te skryf. In Van Reenen se eie woorde: "Jy mis die wisselwerking van 'n kontrei en sy mense." Laaste, maar vir haar beslis nie die minste nie, was die feit "dat jy 'n volle sewe dae met enige flater moet saamleef voordat jy dit kan regstel".

Die pas om die Randakker-rubriek vol te hou, was uiteindelik vir Van Reenen uitmergelend. Ná vyf jaar skryf sy op 6 Junie 1970 (onwetend slegs ses maande voordat *Die Beeld* met sy opposisie sou amalgameer om *Rapport* in November 1970 te vorm) aan M.E.R. dat sy "huur" opgee by die "Randakker" en dat sy net nie meer "paragrafies" kan maak nie (Van Reenen 1970).

Die konteks waarin sy dit geskryf het, moet gemeld word. Die spanning in die stryd tussen die "Kaapse" Nasionale Pers en die Noordelike Afrikaanse persgroepeerings was op sy hewigste. Van Reenen het wel ná die stigting van *Rapport* voortgegaan met die rubriek. Sy het toe, ironies genoeg, danksy die reuse-sirkulasie wat die nuwe blad sou hê, éintlik naam gemaak as 'n unieke stem in die Afrikaanse joernalistiek. Die latere Naspers-voorsitter Ton Vosloo (2004:47) het haar rubrieke selfs as 'n "geheime wapen" beskou, en omdat dit so gewild was, as "sirkulasiebouer". Vir Vosloo (2009) was dit "'n puik voorbeeld hoe 'n rubriek geskryf moet word en van die lewendigste Afrikaans, in erns en guitigheid, was daarin te lees".

Volgens Boshoff (2004) was die "Randakker"-rubrieke "verpligte leesstof":

Dat haar rubriek meer as enige vaste bydrae 'n moet vir die leser was, is ek oortuig van. In die voorwoord tot die versameling *Randakkers* sê ek: "Dertien jaar lank (die vyf jaar van *Die Beeld* se bestaan en toe in *Rapport*) het sy met haar rubriek, Op die Randakker, my uit moedeloosheid gered."

Retief-Meiring (2003a:8) meen ook:

Van Reenen se nasionale status as rubriekskrywer het in *Rapport se Op die Randakker* tot volle wasdom gekom: haar humor, haar kritiese kyk en veral haar slag om die dolk met 'n laggie en 'n bietjie fluweel, maar met 'n onmiskenbare boodskap, in te dryf.

'n Keur Randakker-rubrieke is in 1980, kort voor Van Reenen se aftrede, byeengebring deur haar *Rapport*-kollega Tobie Boshoff onder die rubriektitel *Op die Randakker*. Dit was só gewild dat dit 'n tweede druk beleef het.

5. Stylelemente van rubrieke

Ná die bespreking van Van Reenen se ontwikkeling as rubriekskrywer word voorts etlike stylelemente aan die hand van verskillende menings oor rubrieke geïdentifiseer.

Rubrieke en rubriekskrywers spesialiseer in 'n verskeidenheid van onderwerpe, van leefstyl, byvoorbeeld kos- en tuinmaak, tot meer "klassieke" rubrieke soos sport, die tipiese raadgeerubriek, humor en politiek (Harriss, Leiter en Johnson 1992:482–3).

'n Rubriekskrywer moet "from teacher or entertainer to the passive onlooker who records the pleasantries of every-day life" kan wees (Silvester 1997:xiv). Rubriekskrywers moet dus 'n veelheid van belangstellings hê. Dié veelvuldige menings moet uitstekend uitgedruk kan word, want "[g]reat columnists make the difference great sauces make" (Shrimley 2003:23). Goeie rubriekskrywers "weef woorde so kenmerkend dat hulle eintlik nie hul stukke hoef te onderteken nie" (Shrimley 2003:24).

Ironie is 'n bestanddeel van die goeie rubriek, en boonop moet dit totaal moeiteloos lyk (Shrimley 2003:25–6). Goeie taalgebruik en korrekte grammatika is 'n gegewe; vir Shrimley is daar te veel swak rubriekskrywers wat ernstige "syntax therapy" nodig het (2003:29).

'n Rubriek moet die mening van die skrywer weerspieël aangesien dit gewoonlik ook in die eerste persoon geskryf word – daarom moet die skrywer "iets te sê hê", en dit met "grasie en styl" sê (Harriss e.a. 1992:482). Die werk van een die beroemdste rubriekskrywers, H.L. Mencken (1880–1956), is egter as "invective" beskryf – dus selfs as "uitskellery" (Cooke 1955:ix) – hoewel terselfdertyd gesê is sy werk was "ontdaan van enige nydigheid" (Cooke 1955:x).

Die omstrede Russies gebore Amerikaanse rubriekskrywer Max Lerner (1902–1992) het gemeen die rubriekskrywer is deels sosiale historikus, deels sosiale teoretikus, en deels letterkundige (Silvester 1997:xvi). Vir die Australiese Max Harris (1921–1995) moes die rubriekskrywer "n kulturele diagnose" van sy samelewing kon gee. Hy moes ook kon definieer wat te eniger tyd in sy nasie se "etos" ter sprake was en "die woud ondanks die daaglikse bome sien".

Vir Lerner was rubriekskrywers se drie vaardighede "om hul lesers te verle" die feit dat hulle "aangenaam moes wees, bondig, en die gawe moes hê om die onderwerp dikwels te verander" (Silvester 1997:xviii). Daarby moes hulle die kuns bemeester "om bruikbaar te kla". In die proses moet die "persoonlike ernstig opgeneem word en die ernstige moet persoonlik opgeneem word" (Silvester 1997:xvii).

'n Spesifieke gesigspunt en "stem" (persoonlikheid) is vir die Amerikaanse rubriekskrywer Suzette Martinez Strandring (2013:18, 24) die belangrikste twee kenmerke. Sy haal ook Euripedes aan wat betref die inleiding en slot: "n slegte inleiding sorg vir 'n slegte slot" (2013:38).

Keith Woods, fakulteitsdekaan van die Amerikaanse Poynter Institute en beoordelaar van onder meer die Pulitzer-pryse, beskou die volgende eienskappe as elemente van 'n wenrubriek (Martinez Strandring 2013:98): dit moet 'n sterk stem hê; dit moet inlig en verhelderend wees; daar moet 'n spesifieke gesigspunt wees; daar moet 'n duidelike invalshoek wees; helderheid van gedagtegang; 'n storie vertel; billik wees, al is dit krities; daar moet emosie wees; moet nuwe stemme laat hoor; en moet "zig" wanneer ander "zag" – met ander woorde: dit moet iets buitengewoons wees.

Die teenoorgestelde van 'n goeie rubriek is vir Woods eenvoudig dat dit vervelig of "corny" is; dat die skrywer homself te graag aanhaal; dat dit "*glib*", selfvoldaan of ligsinnig is; dat die leser nie daarmee kan identifiseer nie; geen standpunt inneem nie; en eintlik niks meer is nie as 'n artikel met 'n kop-en-skouers-foto daarby (Martinez Strandring 2013:98–9).

Woods self skryf dat 'n rubriekskrywer nie te min konteks moet verskaf en ver wag dat lesers hulle nogtans moet kan volg nie. Sy beoordelaarspaneel het onder meer só beoordeel: "They frowned upon the iconoclastic and passed on those who recited lots of fact but expressed no opinion" (Woods 2004).

Een rubriekskrywer pas sy "4-S'-formule" toe, naamlik "Make it short; Make it simple; Make it sound; Make it sing" (Martinez Strandring 2013:68).

'n Ander rubriekskrywer se wenke lui dat met oortuiging geskryf moet word; daar moet fokus wees; daar moet begrip wees vir opponerende gesigspunte; dit moet feitelik wees; analogieë moet gebruik word; dit moet krities wees; met joernalistieke vaardighede geskryf wees; dit moet plaaslik en persoonlik wees ("localise and personalise"); die skrywer moet passievol wees; en dit moet 'n oplossing aan die hand doen (Martinez Strandring 2013:72).

Silvester het drie eienskappe geïdentifiseer wat die rubriek anders as die essay maak (1997:xi). Eerstens verskyn 'n rubriek altyd in dieselfde publikasie, op 'n gereelde grondslag, gewoonlik op 'n vaste plek, met dieselfde rubrieknaam en 'n naamlyn. Die rubriek se teenwoordigheid is daarom "gerusstellend", nie primêr oor wat dit te sê het nie, maar omdat dit op dieselfde plek en op 'n spesifieke dag verskyn en min of meer dieselfde lengte het. Die tweede kenmerk is dat die rubriekskrywer bewus is van 'n spesifieke gehoor op 'n manier wat die essayis nie is nie. Inderdaad word gemeen dat die rubriek meer 'n "vertoning" is as dat dit 'n intellektuele argument uitdruk, en dit neig om op aktualiteit en gedeelde ervarings te reageer. Silvester haal 'n rubriekskrywer aan wat gesê het die rubriekskrywer skryf vir 'n gehoor en 'n sakteryd – "not for eternity". Die derde element is die feit dat rubrieke onder "persoonlike joernalistiek" gekategoriseer kan word. Die persoonlikheid van die skrywer is 'n selfverwysende element in die teks, gelyklopend met die onderwerp. Silvester haal uit die klassieke *The Column* van die Amerikaner Hallam Walker Davis uit 1926 aan dat die een ding wat alle goeie rubrieke gemeen het, "en in oorfloed gemeen het", die "individualiteit", of "persoonlikheid", of "ego", van die rubriekskrywer is:

If this indefinable thing is pleasing and positive and challenging, the column's success is assured [...] [A]ll good columns bear the imprint of the ego of the columnist, an ego that is a live thing, much to be reckoned with.

Die mening kry die stempel en styl van die persoonlikheid wat bekend is aan die leser en met wie hy as 't ware bevriend geraak het (Silvester 1997:xi). Mencken se kenmerkende styl is byvoorbeeld as "flexible, fancy-free, ribald, and always beautifully lucid" beskryf (Cooke 1955:xi).

Vir Cooke was die feit dat die goeie rubriekskrywer 'n boekwurm moes wees, vanselfsprekend. Benewens sy wye verwysingsraamwerk, skryf Cooke, getuig Mencken se werk byvoorbeeld

ook van sy behoefte om die gewone lewe te beskryf met al die “worldly wisdom of a police lieutenant, a bartender, shyster lawyer, and a midwife” (Cooke 1955:viii).

Wat betref die eienskappe van die rubrieksrywer se persoonlikheid, moet hy/sy eerstens oneerbiedig wees, skepties en bytend (Silvester 1997:xviii). Tweedens moet die rubrieksrywer ’n eie styl hê, en derdens ’n belangstelling in ’n verskeidenheid van onderwerpe. Die vierde kenmerk van die rubrieksrywer is dat hy/sy nie “gedomestikeerd” moes wees nie. Vyfdens moet rubrieksrywers “oorsee gaan, minstens een keer ’n jaar, vir minstens ’n paar weke”.

Opsommend kan gesê word die klassieke kenmerke van ’n rubriek is dat dit op ’n vaste plek in ’n publikasie (druk- of digimedia) verskyn, ’n vasgestelde lengte, ’n vaste skrywer en ’n vaste oorkoepelende (rubriek)titel het, hoewel die spesifieke stuk se titel elke keer nuut is. Die stilistiese kenmerke van die rubrieksrywer moet wees dat die skrywer ’n kenmerkende stem moet hê (die “ek” moet teenwoordig wees), ’n wye belangstellingsveld moet hê, ’n ywerige leser moet wees, met gesag oor allerlei onderwerpe moet kan skryf, gemoedelikheid met geniepsigheid kan afwissel, en menslikheid, humor, gevatheid en aktualiteit nie net verteerbaar nie, maar leesbaar aanbied. Die skrywer moet amper letterlik ’n vinger op die pols van sy of haar leser hê – en moet dit alles doen met ’n soepele taalvaardigheid wat betref woordgebruik, formulering en grammatika.

As Van Reenen so suksesvol was soos haar tydgenote meen, hoe het sy, eerstens, aan dié klassieke eienskappe van rubrieksryf voldoen, en tweedens, kan ’n nuwe geslag (blog) rubrieksrywers daaruit leer? Vervolgens word aspekte van Van Reenen se werk na aanleiding van bogenoemde stylelemente bespreek.

6. Van Reenen se “rubriekmaak”

Die omvang van onderwerpe waarvoor Van Reenen kon skryf, blyk uit die inhoudsopgawe van die *Randakker*-bundel (Van Reenen 1980). Dié spektrum van onderwerpe is ’n aanduiding van Van Reenen se belangstelling in en betrokkenheid by die wêreld rondom haar. Die onderwerpe wissel van aktuele politiek (byvoorbeeld die sluipmoord op Hendrik Verwoerd en die dood van Steve Biko), tot ’n huislik-gemoedelikheid (die lekkerte van melkkos as die ideale aandete vir ’n eerste koue wintersaad), tot die humoristiese (’n stuitige “Boeregrap”) (Van Reenen 1980).

Wat betref taalgebruik het Retief-Meiring (2003a:8) daarna verwys dat Van Reenen Afrikaans se “plegstatigheid” op sy “kop [ge]keer” het. Die rubrieksrywer Cecile Cilliers, een van Van Reenen se tydgenote, het gesê sy het Afrikaans ’n “nuwe dimensie” laat aanneem (2009). Van Reenen het die stugge en stoere Afrikaans van haar tyd laat dans – afhangend van die onderwerp, ’n elegant-gesofistikeerde tango, soms ’n loslittige twist, soms ’n boertig-stuitige tiekiedraai.

Vir Boshoff (2004) was ’n voorbeeld van haar unieke onderwerp-en-styl-kombinasie (en ter illustrasie daarvan dat Van Reenen “verpligte leesstof” was en dat enigiets ’n onderwerp vir ’n rubriek kon wees) die storie van die “goeie man” op die “Potchefstroomse bult” (by implikasie die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, vandag die Noordwes-Universiteit). Hy moes ’n kompromis maak om Sondagkoerante te lees (dit is nie beskou as stigtelike leesstof nie), hoewel “nie voor Maandae nie”:

“Maar wat van die Randakker, doktor – eerlik, net die Randakker?” word hy gevra. Langdurige konsultasie met sy onderlip, vooruitgesteek en vasgevat tussen duim en voorvinger: “Solank die oog net nie links of regs afwyk nie.”

Volgens Van der Vyver (1987:131) het Van Reenen met haar “kwinkslae, kenmerkende geselstrant en knap taalbeheer” enige onderwerp tot “onweerstandbare leesstof” omskep. Sy skryf dit was juis Van Reenen se geloof dat “alles eintlik oor mense gaan” wat haar so ’n uitmuntende rubriekskrywer gemaak het. Van der Vyver (1987:128) meen:

Sy kon met ewe veel deernis en ewe veel humor oor die “gewone” mens as oor die “groot” figuur skryf. Haar onderwerpe het gewissel van die petroljoggies van Britstown en die “bryde” van die Groentemarkplein tot John Vorster en Steve Biko, Hendrik Verwoerd en Breyten Breytenbach.

Vier rubrieke is vervolgens lukraak gekies om as voorbeelde te dien van ’n tipiese Van Reenen rubriek.

Van Reenen se politieke rubrieke het bygedra tot die agendastelling van verskeie onderwerpe in Afrikanerpolitiek en die groter Suid-Afrikaanse politiek. Een so ’n voorbeeld is ’n rubriek in 1978 in aanloop tot die verskyning van ’n opspraakwekkende publikasie² oor die afloop van die Cottesloe-kerkberaad van 1960. Van Reenen jaag amper letterlik spoke op met ’n inleidingsparagraaf waarin sy uit Shakespeare se *Hamlet* aanhaal:

Rest, rest, perturbed spirit, het Hamlet vir sy ou-pappie se spook gesê, maar dis nie alle spoke wat wil hoor nie. Die een by ons wat ten enemale nie wil gaan lê nie, is die ene van Cottesloe se kerkberaad van Desember 1960. En my mamma, hier kom hy nou weer. (1978a:12)

Sy skroom nie om krities en uitgesproke te wees nie. Oor die sensitiewe onderwerp van Cottesloe in die Afrikanerpsige, skryf sy:

Toe ek ’n week of wat gelede met dr. Willem Landman gaan praat, het hy op hoghe pote daaromheen gestap. Op sy jare wil hy klaarblyklik nie betrokke raak in ’n nuwe twisgeskrif rondom Cottesloe nie. Los hom dus asseblief uit. (1978a:12)

Van Reenen skryf dat die “papbroekigheid” van die Cottesloe-afgevaardigdes van Desember 1960 wat ná politieke druk “omgeswaai” en hul eie besluite by Cottesloe gerepudieer het – “[h]ulle moes kies tussen die kerk en die party” –onder meer die keuse vir die “gewone deursnee-Afrikanerlidmaat gemaak” het (1978a:12).

Maar die komende boek gaan, volgens Van Reenen, meebring dat die spoke weer lóóp. “Maak maar solank die sitplekgordels vas,” waarsku sy. Die boek gee naamlik “nie net vers en kapittel nie, maar ook voorletter en van” (1978a:12).

Sy sluit af: “Of moet die geskiedenis nou maar rus? Dit sal die toppunt van wrange ironie wees as ons nog onder mekaar ’n agterhoedegeveg oor Cottesloe veg wanneer ’n kanon dalk eendag oor die bult loer” (1978a:12).

Dié slotsin is ’n voorbeeld van hoe Van Reenen met styl en formulering ’n stelling maak wat lesers tot nadenke kon stem. Dit is sulke voorbeelde wat ’n mens die stelling kan laat maak dat Van Reenen ’n meester van die onderbeklemtoning was (die “kanon” as metafoor vir ’n burgeroorlog). Of, soos dit gestel is, haar slag om “die dolk met ’n laggie en ’n bietjie fluweel”, maar met ’n “onmiskembare boodskap” in te dryf (Meiring 2003a:8). ’n Ander tydgenoot van Van Reenen, Jean le May, oudjoernalis van die *Cape Argus*, het ook verwys na die “light touch” ondanks die erns in haar skryfwerk (2004:11).

Uit 'n tweede Van Reenen-rubriek kan haar wye verwysingsveld afgelei word. Oor 'n publikasie oor die laaste oorlewendes van die Groot Trek skryf sy op 17 Desember 1978 (dus 'n dag ná daardie tyd se Geloftedag, die huidige Versoeningsdag) onder die subhofie "Tartar hordes":

Sieligste foto's in prof. Christoph Muller se fassinerende boek *Die Groot Trek in beeld* is darem seker dié van die ou Trek-oorlewendes wat einde van die vorige eeu nog by Paardekraal byeengebring is. Die ernstige ou ooms met hul verweerde karaktervolle gesigte (o, ek hou van die een kwaad-oompie heel links op die onderste foto wat so wydsbeen, hande-op-die-kieriekop die fotograaf aangluur!); die vroue met die gelate oë, die maer swaarkry-hande op die skoot van hul swart tabberds ...

Is dit, is dit, vra 'n mens jousef af, die laaste van die "Tartar hordes of wandering boors" waarvoor sir William Molesworth hulle tyd en dag, soos prof. Muller toon, in die Britse laerhuis uitgemaak het? (1978b:10)

Sy sluit af met 'n vraag – 'n stylkenmerk van haar werk (Rabe 2011): "Met so 'n boek in jou hande op Geloftedag, wie had sprekers nodig?"

'n Voorbeeld van die gemoedelike, skertsende, humoristiese, maar tegelyk skerpskutaanslag kom voor in 'n rubriek van September 1978, getitel "Gee skiet nou die baleine!" (1978c:16). Dis ook 'n voorbeeld van hoe Van Reenen 'n verskeidenheid van onderwerpe aanmekaar kon las om een geheel te vorm, want die hele rubriek is 'n allegaartjie van onderwerpe. Van Reenen kon danksy haar insig, gepaard met taal- en skryfvaardigheid, só 'n verskeidenheid soomloos by mekaar laat aansluit. In daardie opsig illustreer dit ook haar vakmanskap van die woord, en meesterskap van die skryf van 'n rubriek.

Van Reenen begin dié rubriek oor die "verligting" wat sy belewe het na aanleiding van die Inligtingskandaal van daardie tyd:

Goed, dit het my 'n week of wat gevat, maar ek dink tog ek sien nou die silwer randjie aan hierdie wolk wat oor ons openbare lewe kom hang het. Waarvandaan die vreemde verligting wat mettertyd oor 'n mens kom nadat jy oor die ergste skok is? Ek glo dis omdat ons, Afrikaners, nou so effens die baleine kan skietgee in die besef: kyk, ons is ook maar gewone mense.

Ons is nie toonbeelde van groter deug of vroomheid as enigiemand anders in die land nie. Ons, selfs die bestes van ons, trap ook maar verkeerd, misgis ons ook maar, maak, as die groot woord moet uit, ook maar dan en wan skande. (1978c:16)

Sy vervolg met die Afrikaner se meerderwaardigheidsgevoel, en hoe dit spruit uit sy "goddelike geroepenheid" (1978c:16), verwysend na die doktrale verhandeling in 1956 van Connie Mulder, die sentrale figuur in die Inligtingskandaal. "Oor die gedagte van geroepenheid twis ek nie met 'n goeie Dopper nie. Is dit nie net miskien, o gij Wormpie Jacobs, dat ons alte selfingenome uit eie reg besluit het waartoe ons geroepe wil wees nie?"

Sy vervolg dan met 'n brok oor 'n boek oor die "grimmige Boereprofeet", "profeet Amos", wat onder die titel *As die leeu brul* deur Bybelkor uitgegee is. Dít word op sy beurt soomloos gevolg deur 'n verwysing na 'n nuwe digbundel van "digter-dominee" I.L. de Villiers, en dan volg 'n brok oor 'n byeenkoms in die kelderverdieping van Sasolburg se Burgersentrum, "tussen die versierde pilare wat Simson gelukkig nog nie omgetrek het nie", waar 'n ds. Van Niekerk die "hartversterkende" Psalm 91 as teksvers kies. Dit laat Van Reenen vermoed dat die laaste

deel, die “vergelding van die goddelose”, eintlik op die media afgebid word. Soos sy dit stel: “in die Idioom van die Aand, sil-wil [dit] maar weer gewees het die pers” (1978c:16).

Ná die “Idioom van die Aand” volg ’n brok oor Afrikaanse idiome wat (“gelukkig”) “blinkgevyf en oneerbiedig” gehou word. Sy verwys na ’n TV-program waaraan Franklin Sonn en P.G. du Plessis deelgeneem het. Bedenkinge oor die “grondwetplan vir Kleurlinge” laat Sonn die volgende vertel, soos wat Van Reenen dit oorvertel (1978c:16):

Hulle maak ons is ’n hoene’tjie. Hulle het klaar gedecide hulle gaat haar iet. Daaroor het hulle nie haar advice gevra nie. Maar nou sê hulle vir haar, hoene’tjie, djy kan kies: wil djy ’n gebraaide hoene’tjie wies, of wil djy ’n kerriehoene’tjie wies?

Hierop is Van Reenen se kommentaar sonder enige dubbelsinnigheid:

Ek neem dit op my om namens min. Hennie Smit³ die versekering te gee: hoene’tjie, in watter vorm ook al, is nie op die spyskaart nie. Die hoene’tjie moet net sorg dat sy fluks lê. En dan, wie-wiet, iet ons eendag nog scrambled eggs. (1978c:16)

Dié “scrambled eggs” se interpretasie is ’n geïntegreerde samelewing – ’n tipiese Rykie-*understatement* om die vir die tyd onsêbare in ’n amper onskuldige formulering aan te bied.

’n Laaste rubriek wat gebruik word vir hierdie bespreking is ’n aktuele rubriek wat in die konteks van sy tyd as ’n “mylpaal” (Meiring 2003a:8) in die Afrikaanse joernalistiek beskou is. Dit is ’n rubriek wat op 18 September 1977 in *Rapport* ná Steve Biko se dood in polisie-aanhouding op 12 September gepubliseer is nadat Van Reenen vroeër ’n onderhoud met Biko gevoer het.

Die stuk heet kort en sober “Biko”. Met slim formulering het Van Reenen al die mediamuilbandwette van die tyd gesystap, hoewel sy in die rubriek skryf dat dit nie moontlik was om oor haar onderhoud met Biko verslag te doen nie (sober, sonder dat sy kommentaar op die sensuurwetgewing lewer). Dit is insiggewend dat dié rubriek die laaste een is in die *Randakker*-bundel – asof die publikasie daarmee haar “ondermynende” joernalistiek, soos Retief-Meiring (2003a:8) dit beskryf het, wou voortsit. Haar subtiele formulering in “Biko” word só beskryf:

In ’n tyd van drakoniese wetgewing teen die vryheid van die pers, in ’n tyd toe die Afrikaner-hegemonie nie veel ooghare gehad het vir die kritiese blik van veral die Afrikaanse koerante nie, het Rykie op ’n uitgesproke heroïese manier die Bestaande Orde tot werklike orde geroep. Veral vandag bly haar stukkie van 18 September 1977 seker die hoogtepunt in wat ek geregverdigde ondermynende joernalistiek noem (ander sou sê dis regverdige kritiek, maar dit was meer as kritiek, dit was ’n aanslag). (Meiring 2003a:8)

Volgens Retief-Meiring (2003a:8) het Van Reenen “kennis geneem” van Biko se referaat oor Swart Bewussyn in die publikasie *Student Perspectives* en het sy hom gaan besoek in ’n tyd toe “getroue” Afrikaanse joernaliste nie sou nie.

Vir Retief-Meiring (2003a:8) was die Biko-rubriek se slotparagrafe “van die skitterpunte in Afrikaanse rubrieke”. Dit lui:

Biko se gesighoek was uiteraard nie altyd dieselfde as myne nie. Maar as ons eenmalige gesprek een oortuiging by my gelaat het, is dit dat dié jong swart

man – hy was pas dertig – basies nie ’n breker is nie, maar ’n bouer; en, ook, tensy ek my gruwelik misgis, g’n ideoloog nie.

Daarom is dit beklemmend – ek kies my woord – dat ’n stem soos syne uit die kritieke dialoog van ons land verdwyn het. (Van Reenen 1980:87)

Dié soort formulering is ook beskryf as “Vintage Rykie” (Meiring 2003a:8). Van Reenen verwys na *Student Perspectives* wat verbied is, dié keer met een bywoord: “ongelukkig”. Waar sy na die Swartbewussynsbeweging verwys, is dit ’n emotiewe beskrywing, naamlik dat daar al baie daarvoor “geraas en geblaas” is.

Sy het “vyf, ses uur” lank met Biko gepraat, vir enige onderhoud ongewoon lank, wat nie net ’n aanduiding was van hoe Van Reenen en Biko mekaar as gespreksgenote gevind het nie, maar ook van hoeveel tyd sy aan haar onderwerpe en navorsing spandeer het.

Die feit dat Boshoff as die samesteller van die *Randakker*-bundel die publikasie met dié rubriek afgesluit het, laat Van Reenen se laaste stelling in ’n sekere sin voorteggo, naamlik dat dit “beklemmend [was] – ek kies my woord – dat ’n stem soos syne uit die kritieke dialoog van ons land verdwyn het”.

Vervolgens word vir die doeleindes van hierdie artikel ’n kort bespreking oor die ooreenkomste tussen rubrieke en blogs aangebied.

7. Rubrieke en blogs – druk- en digimedia

Scherlen het in 2008 die groeiende getal blogs ondersoek en bevind dat ’n duidelike aantal ooreenkomste tussen rubrieke en blogs bestaan (2008:85–6): 1) albei het gewoonlik ’n persoonlike stem of enkele uitgangspunt; 2) dit bevat gewoonlik ’n mening en/of ontleding; 3) dit kan ’n substantiewe leserstal hê; en 4) dit kan slegte óf goeie eienskappe van die joernalistiek vertoon (Scherlen 2008:85–6).

Hy het egter ook bevind dat blogs op “interessante maniere” van die tradisionele koerant- of tydskrifrubriek verskil. Blogs word gewoonlik meer “informeel” geskryf, terwyl rubrieke gewoonlik ’n meer gepoleerde styl het. Blogs volg in ’n omgekeerde chronologie, van jonk na oud, met vorige blogs wat in ’n aaneengeskakelde argief georganiseer geargiveer word. Rubrieke, daarenteen, word gewoonlik nie so direk aan vorige onderwerpe geskakel nie. Rubrieke het egter redaksionele filters, terwyl bloggers outonoom sonder enige redaksionele oorsig werk. Scherlen gee toe dat sommige blogs wat deur verenigings en publikasies ondersteun word, wel redaksionele oorsig het. Volgens hom is die laaste kenmerk van die verskil tussen rubrieke en blogs dat blogs oop toegang het en lesers uitnoodig vir ’n bespreking en kommentaar, terwyl rubrieke tradisioneel deel van ’n opset is waarvoor geld betaal word deur óf ’n subskripsie óf ’n kontantaankoop, en waar die enigste manier waarop die leser kan reageer, ’n brief aan die redakteur is. Hy skryf egter dat ook dit aan die verander is en dat van die kenmerke wat toegeskryf word aan blogs ook toegepas kan word op rubrieke, en dat die respek wat tradisioneel aan ’n rubriek geheg was, toenemend ook vir blogs geld (Scherlen 2008:85–6).

Martinez Strandring skryf dat blogs eksponensieel momentum kry. Die onmiddellikheid van nuus en mening in sulke “publieke joernale” het die “veld gelykgemaak” tussen professionele rubrieksrywers en “avocationists” of stokperdjiesrywers (2013:229).

Arianna Huffington, ’n suksesvolle rubrieksrywer, het die blogosfeer getransformeer met die stigting in 2005 van een van die suksesvolste digimediapublikasies, die Huffington Post

(www.huffingtonpost.com; kortweg HuffPost) wat as blog- en nuuswebwerf meer as 750 medewerkers het (Martinez Strandring 2013:229).

Vir Huffington is daar ses reëls vir druk- en digimedia, en dus tradisionele rubrieke en blogs. Die eerste is dat dit nie “either/or” is nie – dit is vir haar irrelevant. Vir haar het druk- en digimedia ’n gesamentlike toekoms.

Huffington se tweede reël is om nie ’n koopsom vir die aanlyn produk te vra nie – “buiten as dit pornografie of sport of finansiële dienste is, moenie eens daaraan dink om geld te vra nie” (Martinez Strandring 2013:230). Vir haar is advertensies die aanlyn bron van inkomste.

Die derde element is dat aanlyn lesers anders is as “jou pa se generasie”: hulle wil betrokke wees en deel van ’n verhouding. Terselfdertyd, sê Huffington, is dit belangrik dat die aanlyn materiaal gemodereer word sodat dit nie deur trolle (“internet-terroriste”) oorgeneem word nie. Huffington meen die terugvoer van die aanlyn gemeenskap is uiters belangrik: “You make a mistake in your post and it’s going to be caught within seven seconds” (Martinez Strandring 2013:231).

Haar vierde reël is dat gebruikers toenemend hul nuus en kommentaar onmiddellik wil hê. HuffPost se 750 bloggers het elk ’n kode en hulle kan dadelik reageer met 24/7-nuus en kommentaar.

Haar vyfde reël is dat bloggers hul onafhanklikheid moet behou: “Don’t fall into the access trap” (Martinez Strandring 2013:232). Sy bedoel daarmee ook dat skrywers hul kritiese ingesteldheid moet behou. “The greatest value of the blogosphere for me is the fact that you have people who are not trading on access. A lot of them have no access at all, but that can be an advantage” (Martinez Strandring 2013:233).

Huffington se sesde reël is die onderskeidende faktore tussen die blogosfeer en hoofstroommedia. Sy meen drukmedia ly aan aandag-afleibaarheidsindroom (AAS) deur oor een storie te skryf en dan aan te beweeg. Sy meen dat as jy nie op die storie bly nie, kan dit nie deur die “statiese geraas” breek nie. Daarteenoor ly digimedia aan obsessiewe kompulsiewe sindroom (OKS) deur “nie ’n storie te los nie” (Martinez Strandring 2013:233). Maar, meen sy, saam kan druk- en digimedia met hul onderskeie AAS en OKS “crazy effective” wees (Martinez Strandring 2013:235).

8. Merkers vir “rubriekmaak”

Volgens Cillié, Van Reenen se kollega en tydgenoot en later voorsitter van Naspers, het Rykie van Reenen ’n “onfeilbare styl” gehad (Malan 2003:4). ’n Mens kan tot die slotsom kom dat dit die somtotaal was van ’n unieke talent vir die woord, gepaard met die toepassing en dissipline van skryf wat daagliks beoefen is.

Daar is gesê dat Van Reenen se standaard van rubriekskryf “weergaloos” was, soos in ’n hoofartikel met Van Reenen se dood (“Rykie van Reenen” 2003:14). Die skrywer daarvan het gemeen “[e]nige jong Afrikaanse joernalis sal vandag by die lees van haar bundel rubrieke [...] perkeloos baat vind; sommige kundiges beweer nie verniet nie jy kan nie goed skryf as jy nie goeie skrywers lees nie”. Die rubriekskrywer Madeleine van Biljon, ’n tydgenoot van Van Reenen, het ook gesê haar rubrieke bly voorbeelde “wat sowel voornemende as praktiserende rubriekskrywers met vrug kan lees” (2003:5), omdat daar soveel uit Van Reenen se werk geleer kon word.

Retief-Meiring (2003a:8) het op haar beurt gemeen Van Reenen se korpus werk stel ’n standaard

wat in die joernalistieke wêreld sekerlik gesorg het dat 'n Afrikaanse rubriekskrywer in dieselfde kader genoem kan word as die wêreld se grotes.

In die groot tradisie wat reeds in die sestiende eeu deur die vader van rubriekskrywers, Montaigne, gestel is, het Rykie wel geweet "lig" skryf, is die beste manier van kommunikasie. Ook het sy in die tradisie van H.L. Mencken, die ou rubriekestrydros, maar heeltemal ontdaan van bitsigheid, 'n gesonde klas sinisme aan vertoon, fieterjasies en skynheiligheid gehad.

Retief-Meiring (2003a:8) vergelyk Van Reenen ook met Ernest Hemingway, "omdat sy oor daardie noodsaaklike talent beskik het om 'n eie styl te ontwikkel". Cilliers (2009) het gemeen Van Reenen het "'n bepaalde standaard daargestel vir Afrikaanse rubriekskrywers – dit ly geen twyfel nie". "Om alles en enigiets aan te spreek *vanuit 'n bepaalde eties-morele blikhoek* is 'n baie belangrike bydrae tot die joernalistiek. En veral tot die skrywe van 'n rubriek."

Breytenbach (2009), as lid van 'n latere generasie joernaliste en ook uitgewer, het gemeen as skrywer had Van Reenen "'n absoluut unieke 'stem'". Inderdaad: "Haar rubrieke is van die beste wat tot op datum in Afrikaans geskryf is." Vir Retief-Meiring (2009) leef Van Reenen se werk voort in haar rubrieke, "net soos dié van Mencken en Montaigne se grootste werk voortleef in hul rubrieke". Vir haar het Van Reenen se werk "kultuurskatte" geword.

Om dus die vraag aan die begin van hierdie artikel te beantwoord: Kan hedendaagse blog-rubriekskrywers leer uit die oeuvre van Van Reenen en wat as klassieke stylelemente van rubriekskryf beskou kan word?

Uit die voorgaande bespreking van die algemene kenmerke van rubrieke asook die voorbeelde uit Van Reenen se werk, kan die volgende tipiese stylelemente in 'n Van Reenen-rubriek geïdentifiseer word:

1. Sy het 'n eie stem gehad. Die "ek" – die eie persoonlikheid – moet egter nie neerslag vind in 'n opvallende "ekkerigheid" nie, maar gaan om die gedeelde ervaring en leefwêreld waarmee die leser kan identifiseer.
2. Van Reenen het taal uitnemend beheers en kon daarom onortodoks daarmee omgaan in verskillende registers en style; van 'n gemoedelike aanslag, maar tog afgewissel met 'n sekere gevatheid of selfs geniëpsigheid, gepaard met 'n essensiële sin vir humor en begrip vir die mens, in al sy patos, sy broosheid en sy boosheid.
3. Sy het eweneens 'n onortodokse aanslag gehad wat betref haar omgang met onderwerpe om enige gegewe 'n onderwerp vir 'n rubriek te maak, van melkkos as aandete tot 'n vyf uur lange onderhoud met Biko.
4. Van Reenen het sonder om doekies om te draai, geskryf, en hoewel reguit, was die trant ook "lig", met aktuele onderwerpe met pit aangebied sodat dit nie alleen verteerbaar is nie, maar ook hoogs leesbaar.
5. Haar wye belesenheid danksy haar wye belangstellingsveld het vir haar 'n omvangryke verwysingsveld gegee, met die gevolg dat sy met gesag oor vele onderwerpe kon skryf.
6. Sy het aktivistiese standpunte ingeneem.
7. Haar rubrieke was soms selfs profeties soos wat sy sekere politieke sotlikhede van die dag uitgewys het.
8. Sy kon krities stelling inneem sonder om haar lesers te vervreem.
9. Sy was 'n meester van die onderbeklemtoning.
10. Laastens: sy het 'n geweldig hoë standaard aan haarself en haar werk gestel.

Opsommend kan 'n mens sê dat Van Reenen, in die woorde van 'n vroeër aanhaling, wél 'n vinger op die pols van haar gehoor gehad het en 'n "kulturele diagnose" van haar samelewing kon maak.

Haar gevatheid, gepaard met haar sweepslag-trefkrag, het van haar 'n alchemis van die Afrikaanse woord gemaak en daarmee die joernalistieke genre van rubriekskryf in Afrikaans gelykgestel met die beste in die wêreld se "groot tale". Met haar korpus werk het sy 'n standaard gestel wat 'n Afrikaanse rubriekskrywer in dieselfde klas as "die wêreld se grotes" geplaas het. Inderdaad: Rykie van Reenen het 'n jong taal deur haar rubrieke met oorgawe laat dans. Veel meer: laat tango, twist én tiekiedraai. Moontlik kan sy selfs as rubriek-poolster 'n jonger blogger-generasie rubriekskrywers inspireer om in die 21ste eeu Afrikaans nie net te laat tango, twist en tiekiedraai nie, maar ook te laat rock en rieldans, te laat kwaito en kwêla, te laat two-step en ... ja, selfs te laat twerk.

Bibliografie

Beukes, W.D. (red.). 1992. *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948–1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Boshoff, T. 1980. Voorwoord. *Op die Randakker*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2004. E-pos. 26 Maart.

Botha, W. 2015. E-pos. 2 Julie en 6 Julie.

Bouwer, A. 1960. Brief aan M.E.R. M.E.R.-Versameling. 19 Desember. 55.K.B.14(4). U.S.-Dokumentesentrum.

—. 1961. Briefaan M.E.R. M.E.R.-Versameling. 4 Augustus. 55.K.B.14(7). U.S.-Dokumentesentrum.

—. 1967. Brief aan M.E.R. M.E.R.-Versameling. 7 Junie. 55.K.B.14(11). U.S.-Dokumentesentrum.

Breytenbach, K. 2009. E-pos. 20 Mei.

Cilliers, C. 2009. E-pos. 24 Junie.

Cloete, A.E., A. Jordaan, H.C. Liebenberg en H.J. Lubbe (reds.); G.J. van Wyk (tegniese red.). 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Cooke, A. 1955. An introduction to H.L. Mencken. *The Vintage Mencken*. Geen plek: Vintage.

Die Burger. 2003. Rykie van Reenen. Hoofartikel. 30 Desember, bl. 14.

Domingo, D. en A. Heinonen. 2008. Weblogs and journalism. A typology to explore the blurring boundaries. *Nordicom Review*, 29(1):3–15.

Du Plooy, G.M. (red.). 1997. *Introduction to Communication. Course Book 2*. Kenwyn: Juta.

Franklin, B., M. Hamer, M. Hanna, M. Kinsey en E. Richardson. 2005. *Key Concepts in Journalism Studies*. Londen, Thousand Oaks, New Delhi: Sage.

Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Harp, D., I. Bachmann, en J. Loke. 2014. Where are the women? The presence of female columnists in U.S. opinion pages. *Journalism & Mass Communication Quarterly*, 9(2):289–307.

- Harriss, J., K. Leiter en S. Johnson. 1992. *The complete reporter. Fundamentals of news gathering, writing, and editing*. New York: MacMillan Publishing Company.
- Harteveld, T. 2015. E-pos. 2 Julie.
- HAT. 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pearson Longman-aanlyn: skermgreep “blog” en “blogger”. Per e-pos ontvang van T. Harteveld op 2 Julie.
- Hermida, A. 2009. The blogging BBC. *Journalism Practice*, 3(3):268–84.
- Le May, J. 2004. Journalist of quality, Rykie should have been SA's first woman editor. *The Argus*. 4 Januarie, bl. 11.
- Lowrey, W. 2006. Mapping the journalism-blogging relationship. *Journalism*, 7(4):477–500.
- Malan, M. 2003. Dis só lekker om te vertel. *BY, Bylae tot Die Burger*. 27 Desember, bl. 4.
- Martinez Strandring, S. 2013. *The Art of Column Writing*. Richmond/Lexington: RRP International Publishing and Digital Media.
- Meiring, M. 2003a. Rykie, Rykdom van die Randakker. *Die Burger*. 31 Desember, bl. 8.
- . 2003b. Rykie van Reenen sterf kort voor 80ste verjaardag. *Die Burger*. 29 Desember, bl. 2.
- M.E.R. 1960a. Brief aan Van Reenen. M.E.R.-Versameling. 24 April. 55-Byvoeging. U.S.-Dokumentesentrum.
- . 1960b. Brief aan Van Reenen. M.E.R.-Versameling. 26 September. 55-Byvoeging. U.S.-Dokumentesentrum.
- . 1960c. Brief aan Van Reenen. M.E.R.-Versameling. 19 Oktober. 55-Byvoeging. U.S.-Dokumentesentrum.
- Mouton, A. 2002. *Voorloper: die lewe van Schalk Pienaar*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oxford Dictionary of English. 1998. Tweede hersiene uitgawe. Oxford: Oxford University Press.
- Psutka, D. 2009. Column writing and the internet revolution: A brief history of column writing. <http://www.journalism.ryerson.ca/grad> (30 Junie 2015 geraadpleeg).
- Rabe, L. 2002. Eve-olution – the status of women in SA media. *Ecquid Novi*, 23(2):152–69.
- . 2004. Women voices in the media of the Afrikaans language community – an historical perspective. *Communitas: Journal for Community*, 9:31–46.
- . 2006a. “Ryk, ryker, Rykie”: A first exploration of the journalistic contribution of a journalist extraordinaire. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 32(1):65–87.
- . 2006b. The wedge that cracked the rock – a pioneering woman journalist. *Communitas: Journal for Community*, 11:169–84.
- . 2009. Vryheid van die (Afrikaanse) spraak – ryk, ryker, Rykie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(1):131–44.
- . 2009. *Rykie. 'n Lewe met woorde*. Kaapstad: Tafelberg.
- Retief-Meiring, M. 2009. Onderhoud. 25 Julie.

- Scherlen, A. 2008. Columns and blogs: Making sense of merging worlds. *The Serials Librarian: From the printed page to the digital age*, 54(1–2):79–92.
- Scholtz, J.J.J. 1992. Bestendige groei. In Beukes (red.) 1992.
- Schumann, A. 1980. Randakker-keur is kosbaar, kostelik. *Beeld*. 21 Julie, bl. 8.
- Shrimpsley, B. 2003. Columns! The good, the bad, the best. *British Journalism Review*, 14(3):23–30.
- Silvester, C. (red.). 1997. Introduction. *The Penguin book of columnists*. Londen: Penguin.
- Sonderling, S. 1997. Historical research in communication. In Du Plooy (red.) 1997.
- Steyn, J.C. 1990. Die betekenis van “Die Burger” vir die Afrikaanse letterkunde. *Acta Academica (Supplementum)*, (2):74–5.
- . 2002. *Penvegter: Piet Cillie van Die Burger*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2004. *Die 100 Jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Biljon, M. 2003. Huldeblyk. *BY, bylae tot Die Burger*. 27 Desember, bl.5.
- Van der Vyver, M. 1987. Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na *Die Burger* en die Nasionale Pers. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Van Reenen, R. s.j. Brief aan Piet Cillie. 7 Januarie. P.J. Cillie-Versameling. U.S.-Dokumentesentrum. K77(2).
- . 1958. Brief aan M.E.R. 25 November. M.E.R.-Versameling. U.S.-Dokumentesentrum. 55.K.V.9(3).
- . 1963. Van Alle Kante. *Die Burger*, 8 Junie, bl. 8.
- . 1970. Brief aan M.E.R. 6 Junie. M.E.R.-Versameling. U.S.-Dokumentesentrum. 55.K.V.19(19).
- . 1978a. Hier k-k-kom Cottesloe! Randakker-rubriek. *Rapport*, 19 Februarie, bl. 12.
- . 1978b. Tartar hordes. Randakker-rubriek. *Rapport*, 17 Desember, bl. 10.
- . 1978c. Gee skiet nou die baleine! Randakker-rubriek. *Rapport*, 12 November, bl. 16.
- . 1980a. *Op die Randakker*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1980b. *Biko. Op die Randakker*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1985. Voorwoordjie. *'n Boekie vir Piet*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Voigt, C. 1995. Ongepubliseerde diepteprojek vir die honneursgraad in joernalistiek, Universiteit Stellenbosch.
- Vosloo, T. 2004. Onblusbaar Ryk [sic] van der Byl van Reenen. *Insig*, Januarie/Februarie, bl. 47.
- . 2009. E-pos. 15 Julie.
- Watson, J. en A. Hill. 2006. *Dictionary of media and communication studies* (7de uitgawe). New York: Hodder Arnold.

Wendland, M. 2003. Blogging connects a columnist to story ideas. *Nieman Report* 57(3). <http://niemanreports.org/articles/blogging-connects-a-columnist-to-new-story-ideas> (30 Junie geraadpleeg).

Woods, K. 2004. Pulitzer Juror's Tale: Do's, Don'ts, and a Single Sad Surprise. <http://www.poynter.org/uncategorized/21885/pulitzer-jurors-tale-dos-donts-and-a-single-sad-surprise> (30 Junie 2015 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Die twee artikels van Martie Retief-Meiring waarna verwys word, het in 2003 onder slegs haar getroude van, Meiring, verskyn. In dié artikel word na haar verwys volgens haar latere naamlyn, naamlik Retief-Meiring.

² A.H. Lückhoff se *Cottesloe*, in September 1978 deur Tafelberg uitgegee.

³ Toe minister van "Kleurlingsake".